

Inhoudsopgawe

'n Woord vooraf	9
1. Ek volg vir Jesus	13
2. Visvang vir Jesus	17
3. Glimlag-kindere	21
4. Sout en lig	25
5. Wat kom uit jou mond?	29
6. Wees lief vir almal	33
7. Bo-op die berg	36
8. Die versoeking	40
9. God het ons lief	43
10. Jesus weet alles	46
11. Kom eet saam met my	49
12. Moenie bang wees nie	53
13. Deel van Jesus se familieboom	57
14. Jesus kom weer op die wolke	61
15. Onthou om te bid	65
16. In my eie taal	69
17. Ek is vir die Here belangrik	73
18. Bid sonder ophou	77
19. Wie is die beste?	81
20. <i>Survivor</i> : Is jy in die wenspan?	85
21. Is jy fluks of lui?	89
22. Het jy al die sleutel gekry?	93
23. Die grootste skat	97
24. Na watter stem luister jy?	101
25. Mond + hart = lewe	105



Ek volg vir Jesus

Lees Johannes 1:35-42.

Vorbereiding

- Genoeg afskrifte van die inkleurprent.
- *Alternatief:* 'n Groot plakkaat waarop almal se voetafdrukke afgetrek kan word.

Bidtyd

Vra een van die kinders om te bid.

Geselstyd

Baie welkom by ons eerste ontmoeting van die jaar. Hierdie jaar gaan ons saamgesels oor hoekom ons God elke dag van ons lewe prys en hoe ons Hom kan prys. Ons gaan saam ontdek wat dit beteken om Jesus met ons hele lewe te volg.

Vandag gaan ons kyk hoe ons ons lywe kan gebruik om elke dag meer van Jesus te leer. *Pas die aktiwiteite aan volgens die grootte van die groep kinders.*

Kom ons gaan staan in 'n ry teen die muur, van die kortste tot die langste. *Help die kinders om elkeen hulle plek te kry. Gebruik 'n meetkaart of maatband en meet elke kind teen die muur. As die groep te groot is, meet net die kortste en die langste kind.* Nie een van ons bly ons lewe lank klein nie. Ons groei en raak groter.

Kom ons raak nou aan die dak en aan die vloer. *Laat die kinders hulle arms na bo en na onder strek.* Strek nou julle arms so wyd oop as wat julle kan. Ons kan ons lywe gebruik om vir God te wys hoe lief ons vir Hom is.

Waarvoor kan ons alles ons arms en hande gebruik? *Help die kinders met hulle antwoorde. Hulle kan ook aksies uitvoer wat by hulle antwoorde pas.* Ons kan ons arms gebruik om iemand vir wie ons lief is of wat hartseer is 'n drukkie te gee. Ons kan met ons arms en hande hout aandra om vuur te maak wanneer ons wil braai. Ons kan help om die inkopies by die huis in te dra.

Waarvoor kan ons alles ons oë gebruik? Ons gebruik ons oë om mee te sien. Ons oë help ons om te kyk waar ons loop en om te sien waar die speelgoedkis is waarin ons ons speelgoed kan pak. Ons oë help ons om die mooi blomme raak te sien wat God gemaak het en waarvoor ons vir Hom dankie kan sê.

En waarvoor gebruik ons ons ore? Om die voëltjies te hoor sing, om te luister as iemand vir ons uit die Bybel lees en om te hoor wanneer iemand ons roep.

En waarvoor gebruik ons ons voete? Om mee te loop. Ons kan loop tot by die maatjie wat geval en seergekry het en hom of haar help. Ons kan agter ons ouers aanloop wanneer hulle vir ons iets wil wys.

Solank die kinders wil deelneem, gebruik al die verskillende dele van die liggaam en al die sintuie. Laat hulle elke keer sê hoe ons dit kan gebruik om vir God te wys hoe lief ons vir Hom is.

Singtyd

Ons kan ook vir die Here wys hoe lief ons vir Hom is deur te sing. Kom ons sing en loof God saam.

- Loof Hom met die tromme
- Lied 550: Twee ogies om Gods werk te sien

Bybeltyd

Terwyl Jesus hier op aarde was, het Hy die mense alles geleer wat God wou gehad het ons moet weet. Jesus het die mense geleer wat dit beteken om lief te hê. Jesus het gesê ons moet vir God lief wees met alles in ons lywe, en ons moet vir al die mense rondom ons lief wees, net soos ons vir onself lief is.

Jesus het die mense geleer wat liefde is deur vir hulle stories te vertel. Die mense het graag na Jesus kom luister. Terwyl Hy hier op aarde was, het Jesus 'n paar mense gehad wat die hele tyd by Hom gebly het. Hulle het oral saam met Hom gegaan en na alles geluister wat Hy die mense geleer het. Hierdie mense is Jesus se dissipels genoem. 'n Dissipel is iemand wat agter Jesus aan volg.

In die Evangelie van Johannes in die Nuwe Testament lees ons hoe opgewonde die eerste dissipels was toe hulle vir Jesus ontmoet het. Hulle het vir mekaar gesê: "Ons het die Messias gekry!" "Messias" beteken Christus, en Christus is 'n ander Naam vir Jesus.

Lees Johannes 1:35-42.

Ek en jy kan vandag ook Jesus se dissipels wees. Al is Jesus nie meer hier op aarde nie en al kan ons nie met ons voete agter Hom aanloop nie, kan ons steeds sy dissipels wees. Ons is Jesus se dissipels wanneer ons doen wat die Bybel van ons vra.

Hoe kan ek en jy dissipels van Jesus word? Ons kan bid en vir Jesus vra: "Kom bly asseblief in my hart. Ek wil graag u kind wees. Ek is lief vir U. Amen." Ons kan elke dag bid en iemand vra om vir ons uit die Bybel te lees. Ons kan kies om te leef soos kinders van Jesus en sy liefde aan ander mense uitdeel.

Ons kan ons lywe gebruik om vir Jesus te wys hoe lief ons vir Hom is. Ons oë kan alles sien wat Hy gemaak het; ons monde kan sing en van Jesus vertel; ons hande kan help waar ons sien iemand het hulp nodig; ons kan ons knieë buig wanneer ons bid; ons voete kan loop waarheen Jesus ons lei.

Doentyd

Speletjie

Speel "Follow the leader". Laat die kinders alles agter jou aandoen. As die groep klein genoeg is, kan elkeen 'n beurt kry om die leier te wees. Elke 30 sekondes kan iemand anders 'n beurt kry.

Aktiwiteit

Deel die prentjie van die voete vir die kinders uit. Laat die kinders dit inkleur en versier.

Alternatief: Trek almal in die groep se voete op 'n groot plakkaat af en skryf daarby: "Ons volg vir Jesus." Plak dit op in julle lokaal.

Moedig die kinders aan om by die huis te gaan vertel wat dit beteken om 'n dissipel van Jesus te wees.

Groettyd




Dankie, Jesus, dat U in die Bybel vir my van die liefde leer. Help my om te leef soos U van my vra. Amen.

Huis toe stuur-boodskap

Vandag het ons Johannes 1:35-42 saam gelees en ontdek en hoe ons vir Jesus kan volg, maak nie saak hoe oud of hoe jonk ons is nie.

Gesels hierdie week met jou kind oor wat die woord *dissipel* beteken en hoe ons met ons hele lyf vir Jesus kan wys ons is lief vir Hom.

Die prentjie van die voete wat jou kind ingekleur het, herinner hom of haar dat ons vir Jesus kan volg soos Hy ons in die Bybel leer.



Ek volg vir Jesus.

Visvang vir Jesus

Lees Matteus 4:18-20.

Voorbereiding

- Prente van verskillende diere.
- Genoeg afskrifte van die inkleurprent.
- *Opsioneel*: 'n "visstok" met 'n tou en magneet daaraan vasgebind en papiervissies met skuifspelde daaraan vas.

Bidtyd

Vra een van die kinders om te bid.

Geselstyd

Kom ons kyk hoe vinnig julle vir my kan sê watter soort diere dit is. *Wys die prente van die diere een vir een vir die kinders. Maak seker daar is prente van diere wat vlieg, op die grond loop en in die water woon. Sommige diere, soos voëls, kan in die lug rondvlieg, want hulle het vlerke. Ander diere bly op die grond of in bome en party woon in die water.*

Het julle al vis gevang? Wat het 'n mens alles nodig as jy wil visvang? *Dit sal goed wees as jy vir die kinders kan wys hoe 'n visstok werk. Jy het 'n visstok, vislyn en 'n hoek nodig. Daar moet ook aas aan die hoek wees. Dan moet jy by 'n dam of 'n rivier of die see gaan sit om vis te vang. As jy die hoek met aas in die water gooi, byt die visse nie dadelik nie. Soms moet jy lank sit en wag. Partykeer byt 'n vis aan jou hoek, maar wanneer jy hom uittrek, skud hy homself los en swem weer weg. Ander kere is jy gelukkig en jy vang 'n groot vis.*

Opsioneel: Kom ons kyk wie van julle kan die grootste vis vang. *Gee vir die kinders kans om met die "visstok" met die tou en magneet die papiervissies met die skuifspelde aan te probeer vang. Maak die visse verskillende grotes sodat jy kan sien wie die grootste vis vang. Die visse kan ook verskillende kleure hê of party kan gemerk wees en die kind wat hulle vang, kry 'n prys. Pas die speletjie aan volgens die grootte van die groep.*

Singtyd

- Visvang vir Jesus
- Lied 549: Daar's vissies in die water

Bybeltyd

Toe Jesus op aarde was, het Hy oral gestap waar Hy wou wees. Hy het deur baie van die vissersdorpies langs die see gestap. Die meeste mense daar was vissers. Dit beteken dit was hulle werk om vis te gaan vang en dit te verkoop.

Laas het ons gesê mense het graag agter Jesus aan geloop en geluister na wat Hy vir hulle vertel en geleer het. Jesus het 12 mense uitgekies en hulle alles geleer wat Hy kon terwyl Hy hier op aarde was. Jesus het hulle geleer van liefde, van die hemel en hoe kinders van God moet leef. Hy het ook vir hulle gesê wanneer Hy op die wolke weggaan, moet hulle die mense verder leer van Jesus, van die liefde en die hemel.

Terwyl Jesus eendag langs die see gestap het en nog besig was om sy 12 dissipels te kies, het Hy verby 'n paar vissers gestap. Jesus het hulle geroep en gevra dat hulle Hom sal volg. Ons lees hierdie storie in Matteus, die eerste boek in die Nuwe Testament.

Lees Matteus 4:18-20.

Hierdie mense het geweet hoe om vis te vang. Jesus het vir hulle gesê dat hulle van nou af vissers van mense sou wees. Wat beteken dit? Dink julle hulle sou hulle visnette op die aarde kon gebruik om mense te vang?

Nee, hulle sou nie mense met visstokke of visnette vang nie. Hulle sou vir die mense van Jesus en sy liefde vertel. Dan sou al hoe meer mense vir Jesus lief raak en weer vir nog ander mense van Hom gaan vertel. So sal die mense wat vir Jesus lief is al hoe meer raak, net soos daar al hoe meer visse in hulle nette gekom en dit al hoe voller geraak het wanneer hulle gaan visvang het.

Ons kan ook vissers van mense wees. Ons kan vir ander mense van Jesus vertel sodat hulle ook vir Hom lief raak. 'n Mens hoef nie 'n grootmens te wees voordat jy 'n visser van mense kan wees nie. Al is jy nog 'n kind, kan jy vir ander mense van Jesus se liefde vertel.

Doentyd

Ken en onthou

Vandag gaan ons 'n teksvers aanleer. Ons gaan eers leer waar in die Bybel die vers staan en dan die vers self leer.

Matteus 4:19

Kom hier (*wink met jou hand en arm*)

Kom saam met My (*wink met jou ander hand en arm*)

En Ek (*wys na jouself*)

Sal julle vissers (*maak of jy visvang met 'n visstok*)

Van mense maak (*gooi jou arms wyd oop en wys na almal om jou*)

Matteus 4:19 (*sluit altyd af met die teksverwysings*)

Herhaal die vers op verskillende maniere – met 'n harde stem, met 'n sagte stem, op 'n hoë noot, op 'n lae noot, en so meer – totdat die kinders die vers ken.

Aktiwiteit

Laat elkeen die vissie met die woorde daarop inkleur en 'n visstok by die vissie teken as hulle wil.

Moedig die kinders aan om by die huis te gaan vertel wat hulle vandag geleer het.

Groettyd

Dankie, Jesus, dat ek van U kan leer. Maak my 'n visser van mense wat vir ander mense van U gaan vertel. Amen.

Huis toe stuur-boodskap

Vandag het ons Matteus 4:18-20 saam gelees en gesels oor wat dit beteken om vissers van mense te wees.

Gesels hierdie week met jou kind oor hoe ons vir ander mense van Jesus kan vertel sodat hulle ook vir Jesus lief sal raak en al hoe meer mense in Hom sal glo.

Vra jou kind om die memoriseerders saam met jou op te sê met die gepaardgaande bewegings:

Matteus 4:19

Kom hier (*wink met jou hand en arm*)

Kom saam met My (*wink met jou ander hand en arm*)

En Ek (*wys na jouself*)

Sal julle vissers (*maak of jy visvang met 'n visstok*)

Van mense maak (*gooi jou arms wyd oop en wys na almal om jou*)

Matteus 4:19 (*sluit altyd af met die teksverwysings*)



Ek is 'n visser van mense.